

tippet 100

Roeping is 'n "vreemde" woord wat ons reken vir predikante en sendelinge gereserveer is. Dis nie waar nie.

Roeping is die diep oortuiging dat jy vir 'n bepaalde doel hier op aarde is. Jy is nie hier om jouself gelukkig en ryk en voorspoedig te maak nie. God het vir jou méér in gedagte. Jou roeping is veelkleurig. Dit raak al die fasette van jou lewe.

Jou alledaagse lewe, die gewone dinge van werk en finansies en gesondheid en lewensvreugde – hier lê jou roeping. Wat sou jou roeping kon wees? Wat is die rede dat jy hier en nou is?

Francois Retief

5 Februarie 2018